

Ongekookte sagte soutklei

Bestanddele:

- 2 koppies koekmeel of broodmeel
- ½ koppie sout
- 1 eetlepel sonneblomolie
- ½ koppie waterkoekkleursel

Metode:

1. Meng die water en sonneblomolie.
2. Roer die meel en sout in.
3. Knie tot die tekstuur soos brooddeeg is.
4. Indien nodig, voeg nog water by.
5. Voeg die koekkleursel by.
6. Knie tot die kleur deeglik ingemeng is.

Bêre in 'n plastieksakkie of -bakkie om die klei sag te hou. Dit kan weer gebruik word indien dit sag (en skoon) gehou word.

Ongekookte sagte soutklei wat later kliphard word

Bestanddele:

- 2 koppies meel
- 2 koppies sout
- 2 teelepel aluin

Metode:

1. Meng alles saam.
2. Voeg kort-kort 'n bietjie water by tot die mengsel nie meer aan die hande vasklou nie.

Seppasta vir modellering

Bestanddele:

- 2 koppies seppoeier
- ½ koppie warm waterpoeierverf

Metode:

1. Gooi warm water by die seep en klits die mengsel met 'n elektriese klitser tot styf.
2. Voeg verf by vir kleur en klits weer.

NB:

Die kinders moet hulle hande in warm water doop voor hulle met hierdie mengsel modelleer

Wenk:

Gebruik goedkoop plastiekplekmatjies sodat die klei/deeg/pasta nie jou tafel vlek of vuil maak nie.